BID • SIEN • DEEL
TORINGKERK

31 MEI 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | GOD SE WATERMERK | LUK. 1:39-57



God se genade begin werk lank voordat ons dit kan verduidelik.

# DOOP: LUMÈ

Baie geluk aan Simeon en Lizè met die doop van hulle dogterjie, Lumè. Ook aan familie en vriende wat by ons kuier vanoggend.

Dankie vir beloftes wat julle as ouers vanoggend maak om Lumè van God se liefde en genade te leer, en dat julle kies om dit binne gemeenskap van gelowiges te doen. Ons bid dat die Here julle sal lei en seën op hierdie reis.





# DOOP: EMMA

Baie geluk aan Eddie en Christine met die doop van hulle dogterjie, Emma. Ook aan familie en vriende wat by ons kuier vanoggend.

Dankie vir beloftes wat julle as ouers vanoggend maak om Emma van God se liefde en genade te leer, en dat julle kies om dit binne gemeenskap van gelowiges te doen. Ons bid dat die Here julle sal lei en seën op hierdie reis.

# DOOP: DANIEL

Baie geluk aan Hendrik en Nadene met die doop van hulle seuntjie, Daniel. Ook aan familie en vriende wat by ons kuier vanoggend.

Dankie vir beloftes wat julle as ouers vanoggend maak om Daniel van God se liefde en genade te leer, en dat julle kies om dit binne gemeenskap van gelowiges te doen. Ons bid dat die Here julle sal lei en seën op hierdie reis.



# KERRIE & RYS WEGNEEM-ETE

Ons hou weer 'n geleentheid om heerlike **kerrie en rys wegneem-etes** te bestel en af te haal, **Vrydag 19 Junie,** tussen **17:00 & 19:00**. **R50** per bakkie.

***Bestel nou al aanlyn by: www.tkmarkietie.co.za of direk by Anna-Marie in die kerkkantoor.***





# BEHOEFTE AAN 'N KLEINGROEP?

Daar is heelwat belangstelling in 'n nuwe kleingroep van nuwe lidmate, jongwerkendes en jong ouers in die gemeente. Indien jy ook hierin belangstel, kontak asb vir Jana hieroor.

Ons kan dan saam bepaal watse aand en tyd almal pas. Alternatiewelik is julle welkom om aan te sluit by The Chosen - elke Sondagaand om 17:30 in die kapel - wat ook as kleingroep funksioneer.

# THE CHOSEN

Ons gaan weer aan met die reeks, The Chosen. Elke **Sondagaand om 17:30 in die Kapel.** Gebruik asb die agterste kerkdeur aan die kantoor se kant om in te kom.

Ons kyk 'n episode en dan bespreek ons dit saam. Ons is gewoonlik so teen 19:00/19:30 klaar. Ons wil jou aanmoedig om te oorweeg om by te woon. Die reeks het al ongelooflik baie beteken vir mense itv om Jesus nog meer persoonlik te beleef en 'n beter greep te kry op Sy bediening.

***Raak deel van die whatsapp groep op die TK gemeenskap.***



# Safari Kerk

2026



28 JUN **DRAKENSTEIN**
**09:00**



5 JUL **STROOIDAK**
**09:00**



12 JUL **TORINGKERK**
**09:00**



19 JUL **PAARL-VALLEI**
**09:00**

# MARKIETIE VERGADERING

Die Markietie vergader weer volgende **Maandag, 1 Junie, om 18:30 in die boonste kerksaal**.

As jy jou naam opgesit het om te help of jy het gedagtes en energie en jy wil betrokke raak, woon asb die vergadering by.

Dankie vir elkeen wat reeds skouer aan die wiel sit vir hierdie jaar se sukses!





# MARKIETIE TAFEL-KOÖRDINEERDERS

Ons kort nog 'n paar koördineerders vir van die tafels/ stalletjies. Sal jy asb oorweeg om hand op te steek om voor te vat met die bemanning en reëlings rondom die een van die tafels? Dit vra nie van jou om 'n finansiele bydra te maak nie, dit is bloot praktiese reëlings en saamwerk met die groter Markietie span. Ons het lyste op hierdie Sondag in die voorportaal van die kerk waar jy jou naam kan opskryf. Alternatiewelik kan jy die kerkkantoor kontak en jou naam daar ingee.

Tafels koördineerders word benodig by:

- Koffie, tee, hot chocolate
- Koeldranke
- Samoesas en spring rolls
- Boereworsrolle
- Nachos
- Vetkoeke

# KINDERKLEINGROEPE & GEMEENTE BESOEK RUSOORD

Ons gaan weer by Rusoord kuier en ons gaan almal saam BINGO speel. Jy wil dit nie mis nie! **Sondag, 14de Junie direk na die erediens**. Ons stap sommer almal saam en almal in die gemeente is welkom. As Toringkerk gemeenskap wil ons graag die geleentheid skep om iets saam te doen wat almal gaan geniet, en wat is beter as BINGO!

***Vir meer inligting kontak vir Stefan.***






# WINTER HOOP

Baie dankie aan elkeen wat bestandele en flessies geskenk het vir hierdie projek. Ons het redelik voorraad nou weer. Ons waardeer dit baie.

Ons kort nog warm komberse en klere, so as jy het bring asb kerkkantoor toe. Elke item word goed gebruik!






# STERKTE MET DIE EKSAMEN

Ons as gemeente wil graag vir al ons leerders baie sterkte toewens met hierdie eksamen blok wat voorlê. Ons glo en vertrou dat die Here by julle is hiermee en dat dit sal goed gaan! Mag julle hard leer en ervaar dat julle die vrugte van julle harde werk pluk. Ons dink aan julle en hou duimvas!

# RAMPHULP

Na die swaar storms en vloede wat die afgelope tyd groot skade regoor die Wes-Kaap veroorsaak het, vra Diaconia weer gemeentes en lidmate om hulle ramphulpfonds te ondersteun. In tye van krisis word hoop sigaar deur gedeelde sorg en elke bydrae help om praktiese hulp moontlik te maak waar dit nou die nodigste is.
Navrae oor ramphulp kan gerig word aan Alex Clark by 083 492 5753. 'n Artikel 18A-sertifikaat is beskikbaar op versoek by diaconia@kaapkerk.co.za.




KOOP KAARTJIES HIER:
HTTPS://WWW.QUICKET.CO.ZA/EVENTS/368796-THE-LARK-ASCENDING-ECHOES-OF-ETERNITY/
Echoes of Eternity
The Lark Ascending
Johanna Roos - viool
Diederick Basson - orrel
Sondag 31 Mei 2026 - 11:15
Toringkerk Paarl
Quicket

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

31 Mei Amanda Du Toit
01 Jun Margaret Isaacs
01 Jun Steven Olderwagen
01 Jun Leon van Wyk
02 Jun Landi de Ridder
02 Jun Danielle Fourie
02 Jun Rubi Muller
02 Jun Gideon van Wyk
02 Jun Willeman van Zyl
03 Jun Rene Bester
03 Jun Yara Fourie
03 Jun Nina Hoffman
03 Jun Jan Klompje
03 Jun Meagon Labuschagne
03 Jun Maria Lillie
04 Jun Tertia Schenke
05 Jun Brandon Farr
05 Jun René Muller
05 Jun Quintin Roux
06 Jun Suandri Badenhorst
06 Jun Elizabeth Fourie
06 Jun Christiaan Kershoff
06 Jun Elize van Wyk

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Tema: Jaïrus

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag van na kerk tot 11h30.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk Dinsdae aande om 19h00 in die Bo saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 31 Mei**
Jes. 58:7-10

**MAANDAG, 01 Jun**
2 Tim. 1:6-8

**DINSDAG , 02 Jun**
Ps. 119:25-32

**WOENSDAG, 03 Jun**
Rom. 12:3-8

**DONDERDAG, 04 Jun**
Jes. 54:1-10

**VRYDAG, 05 Jun**
Mark.12:41-44

**SATERDAG, 06 Jun**
1 Kor.10:16-17

**SONDAG, 07 Jun**
Matt. 7:24-27

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE KOLLEKTE: BEDIENING AAN DIE JODE

Bid asseblief vir me Jeanie de Wet wat na Jode uitreik met die Evangelie, asook vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad. Messiaanse Jode is Jode wat glo dat Jesus die Messias en Here is. Hulle is Christen-Jode. Beit Ariel hou eredienste, vier Joodse feeste en leef hulle geloof uit vanuit die perspektief dat die Messias reeds gekom het en weer kom. Bid ook vir hulle uitreik na Joodse Christene wat nie lidmate van Beit Ariel is nie en na Jode wat nie glo dat Jesus die Messias is nie.

# KALENDERBORG: MEI

CATHMAR
TV & RADIO
9 New Street, Paarl, 7646 | Tel: 021 872 1346
sales@cathmar.co.za | www.cathmar.co.za
Sales and repairs of audio & video equipment. Installation and maintenance of DSTV & Streaming devices.

# KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!


## LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

## TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

## JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

## KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

## FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

## TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

## AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

## ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com


RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.